


# Gebed en Die Hart

**(Jer 29:1)** Wat volg, is die inhoud van ’n brief wat Jeremia in Jerusalem geskryf het. Hy het dit gestuur aan die oumense, priesters, profete en al die mense wat Nebukadnesar uit Jerusalem na Babel toe weggevoer het.

**(Jer 29:2)** Koning Jojagin en die koninginmoeder was toe alreeds uit Jerusalem weggevoer. Saam met hulle was ook die amptenare van die koning, die leiers van Juda, ambagsmense en smede.

**(Jer 29:3)** Jeremia het die brief saam met Elasa seun van Safan en Gemarja seun van Gilkija gestuur. Koning Sedekia van Juda het hulle as ambassadeurs na koning Nebukadnesar van Babel gestuur. Jeremia se brief was soos volg:

**(Jer 29:4)** Die Here, die Almagtige, die God van Israel, sê vir al die mense wat Hy uit Jerusalem na Babel toe laat wegvoer het:

**(Jer 29:5)** "Bou huise en woon daarin. Plant tuine en eet die kos wat dit oplewer.

**(Jer 29:6)** Trou en verwek kinders. Sorg dat julle kinders ook trou sodat julle baie kleinkinders sal hê! Sorg dat julle getalle daar vermeerder en nie verminder nie.

**(Jer 29:7)** Dra ook julle deel by vir vrede in Babel waarheen Ek julle in ballingskap laat gaan het. Bid tot die Here sodat dit goed sal gaan met die stad waarin julle bly. As dit met Babel goed gaan, sal dit ook met julle goed gaan."

**(Jer 29:8)** Die Here, die Almagtige, die God van Israel, sê: "Moenie toelaat dat die profete en die waarsêers by julle julle bedrieg nie. Julle moet julle ook nie aan hulle drome steur nie.

**(Jer 29:9)** Hulle verkondig leuens aan julle en sê hulle praat namens My. Ek het hulle beslis nie gestuur nie!” sê die Here
**(Jer 29:10)** So sê die Here: “Julle sal 70 jaar lank in Babel wees. Maar as die tyd verstryk het, sal Ek al die goeie beloftes begin vervul. Ek sal julle na julle land toe terugbring.
**(Jer 29:11)** Ek weet wat Ek vir julle beplan het,” sê die Here. “Ek beplan voorspoed vir julle, nie teëspoed nie. Ek wil hê dat julle hoop vir die toekoms moet hê.
**(Jer 29:12)** Julle sal na My roep en bid, en Ek sal na julle luister

**(Jer 29:13)** As julle heelhartig na My soek, sal julle My vind. **(Jer 29:14)** Julle sal My toeganklik vind," sê die Here. "Ek sal julle uit gevangenskap laat terugkeer. Ek sal julle versamel tussen al die nasies waar julle nou is en uit al die plekke waarheen Ek julle verban het," sê die Here. "Ek sal julle weer terugbring na die plekke waarvandaan Ek julle in ballingskap laat gaan het."

**(Jer 29:12)** Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor.

**(Jer 29:13)** As julle heelhartig na My soek, sal julle My vind.

**(Lukas 6:45)** Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart, en die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge. **Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.”**

**(Jak 4:2)**Julle kry nie, **omdat julle nie bid nie**.
**(Jak 4:3)** As julle bid, ontvang julle nie, **omdat julle verkeerd bid**: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig.

# Gebed en Die Hart

1. **Gebed ontbloot ons harte.**

**(Sag 13:8)** Dwarsoor die land, sê die Here, sal twee derdes van hulle uitgeroei word en omkom. Daar sal net 'n derde van hulle oorbly in die land,

**(Sag 13:9)** en dié derde **sal Ek met vuur louter** soos silwer gelouter word. Ek sal hulle suiwer soos goud gesuiwer word. Hulle sal My aanroep, en Ek sal hulle gebede verhoor. Ek sal sê: “Hulle is my volk.” En hulle sal sê: “Die Here is ons God.”

**(1 Joh 1:9)** Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.

**(Psalm 51:10)** Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig.

# Gebed en Die Hart

1. **Gebed ontbloot ons hart.**
2. **Gebed reinig ons hart.**

**(Eseg 36:26)** Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee.

**Eseg 36:27)** En Ek gee my Gees in julle sodat julle my voorskrifte sal gehoorsaam en doen wat Ek beveel.

**(Matt 9:36)** Toe Jesus na die baie mense kyk, het Hy ontroerd geraak oor hulle seerkry en weerloosheid. Hulle was soos skape sonder ’n wagter.

**(Matt 9:37)** Daarop sê Hy vir sy dissipels: “Die oes is groot, maar die werkers is min.

**(Matt 9:38)** Hierdie oes is die Here s’n. Vra Hom dan om werkers vir sy oesland te voorsien.”

# Gebed en Die Hart

1. **Gebed ontbloot ons harte.**
2. **Gebed reinig ons harte.**
3. **Gebed dring ons harte na aksie.**